
# VONKK 187
# Juig Tot Eer Van Die Here
## (Psalm 81)

♩. = 50

**Keervers: (Gemeente)**




*Voorleser:*
Sing op tamboeryne se ritme,/ speel mooi op viool en kitaar./
Laat trompette weergalm / op die feesdae van God. /
Maak vreugde-musiek, soos die Here, ons God dit wil hê./
**Keervers: (Gemeente)**
**Juig tot eer van die Here, sing bly, verheerlik sy Naam.**
**Bring diepe dank met kleurryke klank. Loof Hom, prys Hom saam.**

*Voorleser:*
Die Here herinner sy volk (kind): / "Toe jy gesug het van swaarkry, /
het Ek uit die hemel gehoor; / op jou noodroep het Ek jou kom red: /
Jou loodsware las het Ek verlig,
jou berge bagasie kon jy neersit."
**Keervers: (Gemeente)**

*Voorleser:*
"Ag, as my kinders wil luister; / as hul My volg, sal Ek hul vyande verslaan. /
Soos Ek hul gered het uit nood, / sal ek voorsien wat hul nodig het. /
Ek wil julle versadig met die goeie, / die beste - nou en vir altyd." /
**Keervers: (Gemeente)**

*Psalm 81*
Teks: Driekie Jankowitz 2011 *(Pro Deo – postuum)*
Melodie: LELIEDANS – Jacus Krige 2011
Orrelbegeleiding: Gerrit Jordaan 2012
Kantoryverwerking: Gerrit Jordaan 2012
© 2012 VONKK Uitgewers (admin Bybel-Media)

**RUBRIEK: Kontemporêr – Lofprysing / Gebede**

VONKK